

Die Woord verlig ons pad

Ons worstel in die vinnige spiraal van ons tyd dikwels met politieke, etiese, kerklike en persoonlike vrae. Hoe moet ons optree? Waarna moet ons kyk? Waardeur moet ons ons laat lei? Die psalmdigter sê in vers 105 dat die Woord van God vir hom die lamp is wat die pad aanwys. Eintlik is dit 'n aanklag teen die mens. Ons moet erken dat ons pad deur ons sondes donker geword het. Sonder die Woord as lamp is ons lewe gedisoriënteer, sonder koers en bakens. Sonder die lamp van die Woord struikel jy, is jy soos 'n blinde – veral op geestelike gebied. Die Woord moet weer vir ons die koers aanwys in ons sondige lewe.

Hoe gebeur dit? Ja, die Gees verlig ons verstand sodat ons die Woord kan begryp en toepas in ons lewens. Tog vra dit van ons diep studie, want ons moet onthou die lampie waarvan die digter hier praat, maar 'n plat, toe bakkie was met 'n tuitjie waaruit die pit gesteeke het en wat met olie gebrand het. In die donker en wind het die flou vlammetjie net genoeg lig gegee om een tree vooruit te sien sodat jy reg kan trap. Juis hierdie liggie van die lampie leer ons hoe om dit te gebruik. Jy sal heel eerste die Liggewer van die lampie moet ken. Jy sal met die Lig Jesus Christus moet lewe as jy wil hê sy lig moet jou verlig. Sagaria 4 praat van die Heilige Gees as die lampolie wat die lamp aan die brand hou. Ons sal dus as Geesvervulde mense moet lewe as ons wil hê dat die Woord ons pad moet verlig. Daarby sal ons baie nederiger moet wees as ons met die Woord omgaan. Ons het maar lig vir net een tree vorentoe. Ons ken maar gedeeltelik en verkondig maar gedeeltelik (1 Kor 13:9). Vanweë ons sondeblindheid sien ons die lewensvrae nog soos 'n raaisel in 'n spieël. Ons is dus nie volleerd nie en ons het nie alle antwoorde uit die Woord in pag nie. As dit so was, sou ons nie met *semper reformanda* altyd moet teruggaan na die Woord toe nie. Ons sal dus ook versigtig moet wees om mense se gewetens te wil bind met soms vae sake ten opsigte waarvan ons die wil van God se Woord nie glashelder verstaan nie.

Ten slotte: God gee sy genade en Gees slegs aan diegene wat Hom daarom bid (HK So 45). Dit geld ook die genade om die lig van Gods Woord te ontdek en die regte pad te kan sien. Gevolglik moet ons veral biddend met die lig van die Woord omgaan. My vraag is: Bid ons nog genoeg as ons antwoorde uit die Woord vir ons lewenspad soek?

Sing: Psalm 89:6

Ds. TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)